



NUUSBRIEF

11 Oktober 2018

Dit het onder ons aandag gekom dat mnr. Basil Swart 'n swartsmeer veldtog teen die VVK geloods het rakende sy skrapping as kandidaat. Ons wil graag die volgende op rekord regstel:

1. Die Grondwet van die VVK meld dat die Sentrale Komitee die reg voorhou om kandidate goed of af te keur nadat agtergrond ondersoek gedoen is.
2. Teen 15 September 2018 is daar 103 sekondante aan die VVK-kantoor gestuur vir mnr. Swart se kandidatuur. Soos met elke kandidaat, word die sekondante deurgewerk om seker te maak dat almal geregistreer is. Na hierdie proses is daar gevind dat slegs 81 daarvan geldig was. Die res is nie geregistreer op die VVK se kieserslys nie. Voorts het mnr. Swart homself ook gesekondeer, wat ernstige vrae aangaande sy integriteit laat ontstaan het.
3. Ons het ook uitgevind dat mnr. Swart 'n aanlyn-verkiezing fasiliteer, ons haal graag die webwerf: www.voteforselfdetermination.co.za aan: "Indien jy nie meer onder die huidige regime wil voortgaan nie, stem dan vir **selfbeskikking** hier onder. Ons teiken is 2 miljoen stemme. Met so 'n mandaat sal ons dmv internasionale wetgewing 'n opsie uitvoer wat in ons grondwet vervat is naamlik om selfbeskikking deur middel van sesessie te bekom. Nadat jy jou stem geplaas het sal jy heeltyd ingelig word oor die stand van sake per epos, whatsapp en op ons facebook bladsy." – dus is sy stelling: "Hierdie skakel is ontwerp en word bedryf as 'n reklame bewusmaking en 'n werwing skakel (Die B.R.A. het met die gebruik van hierdie skakel met meer as 2000 lede in enkele maande gegroei, volksgenote wat tradisioneel nie by enige volks aksie betrokke

was nie, dus 'n groot aanwinst vir ons volk se saak. ter inligting maak dit die B.R.A. waarvan ek die stigter en voorsitter is een van die meer prominente volks organisasies. Die proses was publiek sigbaar vir kennisname en deelname.)Na verwysing het Advokaat Smidt aan my gesê dat die B.R.A. stembus skakel geen ander waarde het as slegs bemerking nie - dus is dit geen offisiële verkiesing of verkiesings veldtog nie.” in 'n skrywe aan die Voorsitter van die VVK op 9 Oktober in teenstelling van die aangehaalde teks soos gekry vanaf bogenoemde webblad.

4. Voorts steun mnr. Swart en die B.R.A. (Boerevolk Reddings Aksie) die Verenigde Vryheids Alliansie. Ons haal weer die webblad: www.voteformselfdetermination.co.za aan: “Boerevolk Reddings Aksie ondersteun die Verenigde Vryheids Alliansie se stemproses om 'n onaanvegbare mandaat van ons volk te bekom.”

Mnr. Paul Kruger, stigter van die VVK, het reeds in 2017 'n Regsopinie geskryf oor die Verenigde Vryheids Alliansie en ander organisasies se voorgestelde proses van sessessie vanaf die RSA. Hierdie Regsopinie het uitgewys dat daardie proses niks anders as Hoogverraad is nie en dat so 'n aksie nie sal slaag nie, aangesien die staat dit met geweld sal onderdruk. Derhalwe kan die VVK en by implikasie die BAV, nie assosieer met individue en organisasies wat sessessie propageer nie.

5. Op 28 en 29 September het mnr Swart die Verenigde Vryheids Alliansie se Leierskongres in die Hartenbos Rolbalsaal bygewoon. Die Verenigde Vryheids Alliansie bestaan uit organisasies wat die Trans-Kaaplander bevolkingsgroepe (Khoi, San, Namas, Griekwas, Bruinmense, Afrikaners, Boere en Blankes) verteenwoordig. Die BAV is in teenstelling met voorafgaande 'n volksverteenwoordigende politieke liggaam wat ten doel het territoriale selfbeskikking vir die Boervolk. Die internasionaal-erkende reg op selfbeskikking kleef slegs aan 'n volk en nie aan rasse of bevolkingsgroepe nie.
6. Mnr. Swart het beswaar gemaak oor die afsnydatum van sekondante. Die kandidate sou tot 30 Augustus tyd gegee word om 100 sekondante te kry. Nadat die verkiesing uitgestel is tot 24 November 2018, is die afsnydatum vir sekondante uiteraard ook aangeskuif. Die nuwe afsnydatum is toe bekend gemaak as 15 September 2018. Die VVK se Sentrale Komitee het op 29 September 'n vergadering gehou waar daar die volgende besluit is ten opsigte van sekondante:
 - a. Kandidate wat minder as 20 sekondante het, word geskrap van die kandidate-lys.
 - b. Die oorblywende kandidate sal geleentheid hê tot 31 Oktober om hulle laaste sekondante te bekom.

7. Op Sondag, 7 Oktober 2018, het die VVK-kantoor 'n skrywe ontvang van ene mnr. Johannes Meintjies wat die Afrikaner Strategiese Komitee, oftewel ASK versoek om as "oorsig komitee" oor die VVK se verkiesing op te tree. Die ASK het geen mandaat om so 'n komitee saam te stel nie. Voorts maak mnr. Meintjies die ongegronde en kwaadwillige bewering dat die VVK deur "HNP geledere" gemanipuleer word.
8. In 'n skrywe, ook ontvang vanaf mnr. Meintjies op Vrydag, 5 Oktober 2018, is die volgende punte opvallend:
 - a. "Die feit dat daar o.a. binne die geledere van die B.R.A. reeds baie reklame gemaak is vir die VVK en BAV verkiesingsproses vanjaar, nuwe lede as VVK kiesers geregistreer is danksy mnr. Swart se deelname as kandidaat, en dat mnr. Swart 'n bewese rekord het in die stryd vir Boere-Afrikaner selfbeskikking, vryheid en vader, maak hom na mening 'n aanwinst vir die groter blanke Boere-Afrikaner deelname aan die VVK/BAV prosesse op die pad na selfbeskikking. Breër deelname uit Boere-Afrikanergeledere is tog 'n doelwit, nie waar nie?" – inderdaad mnr. Meintjies – maar as kiesers registreer omdat 'n sekere individu as kandidaat staan, registreer hulle seer sekerlik nie omrede selfbeskikking hulle strewe is nie?
 - b. "Mnr. Basil Swart is ook ywerig rondom die algemene samewerkende mandaat-stemtellerproses vir Afrikaner selfbeskikking soos o.a. deur die VVA en mnr. Hein Marx bevorder. Dit is 'n proses wat vorentoe met die VVK se 2018 BAV stemmandaat sou kon integreer...." so 'n "integrasie" sal buite die mandaat van die Volksraad plaasvind en die VVK kan dit gewoon nie goedkeur nie.
9. Die VVK se Grondwet meld dat daar 7 (sewe) Volksraadsetels is. Tydens die 2011-verkiesing het die Sentrale Komitee besluit dat verteenwoordiging op streeksvlak van groot waarde sal wees. Tydens die verkiesing in 2011 kon elke kieser vir 7 (sewe) kandidate stem. Persone met die meeste stemme in Natal en Kaapland sou outomaties tot die Volksraad verkies word. Indien 'n kandidaat woonagtig in Natal en Kaapland onder die eerste sewe kandidate eindig, sou dit nie nodig wees vir nog 'n Volksraadslid in dieselfde streek nie. Dit was die rede hoekom die huidige Volksraad uit nege setels bestaan het.
10. Tydens die Sentrale Komitee-vergadering op 29 September 2018 is die volgende besluit geneem ten opsigte van Volksraadsetels:
 - a. Aangesien daar slegs 8 (agt) kandidate is, doen ons afstand van die besluit wat in 2011 geneem is ten opsigte van 'n Volksraadslid vir elke streek. (Vier voormalige provinsies)

11. Ten slotte wil die VVK-kantoor ons misnoeë uitspreek teenoor mnr. Basil Swart vir sy uiters onsmaaklike en ongegronde opmerking in sy stem boodskap van 10 Oktober 2018. Daarin suggereer hy dat wyle mnr. Paul Kruger se nalatenskap deur die huidige Sentrale Komitee verwoes word. Mnr. Basil Swart was geensins aan mnr. Paul Kruger bekend nie, trouens, mnr. Kruger het geen kennis gedra van mnr. Swart of die B.R.A. tot en met sy nominasie as Volksraadslid nie.
12. Ons bedank die volksgenote wat reeds hard aan die werk is om die sukses van die verkiesing te verseker. Julle hulp en insette word hoog op prys gestel.

Vriendelik die uwe,

Christo Snyman

Voorsitter van die Sentrale Komitee

